**HOËRSKOOL STRAND**

**SPORTBELEID**

## 1. ALGEMENE BEGINSELS

Die volgende beginsels sal geld by die beoefening van sport by Hoërskool Strand:

- Alle sportbeoefening moet die breë opvoedkundige doelstellings en kernwaardes van die skool ondersteun.
- Skoolsport vorm deel van die opvoedingsproses.
- Sport is 'n belangrike fisiese en sosiale aktiwiteit en kinders is deur middel daarvan besig met 'n proses van selfontdekking en selfontwikkeling.
- Leerders moet gemotiveer word tot maksimale deelname aan sport.

## 2. DOELWITTE VIR SPORTDEELNAME

Deur die beoefening van sport wil Hoërskool Strand die volgende doelwitte bereik:

- Om massa deelname te bevorder sonder dat sportdeelname aan leerders opgedwing word.
- Om leerders aan behoorlike vlakke van afrigting bloot te stel, sodat leerders gelyke geleenthede ontvang om hulle talente te ontwikkel.
- Om spesifieke lewenswaardes en beginsels soos sportmangees, kameraadskap, deursettingsvermoë, selfbeheersing, selfdissipline, integriteit, trots, entoesiasme, sportgees, en konsentrasie te ontwikkel.
- Om talente van leerders te ontgin en te ontwikkel en trots vir die skool d.m.v. sport te kweek.
- Om spesifieke sportvaardighede af te rig en te ontwikkel.
- Om kwaliteit-afrigting aan te bied en vir die leerders waar moontlik en soos nodig gespesialiseerde afrigting deur professionele kundiges te reël.
- Om ouerondersteuning te verkry.

## 3. VERANTWOORDELIKHEDE VAN BEHEERLIGGAAM

Die rol en verantwoordelikhede van die dienende beheerliggaam is:

- Om as beskermheer oor sport op te tree – dit sluit bywoning van sportgeleenthede en funksies in.

- Om sportgeriewe en fasiliteite se kwaliteit in stand te hou en te verbeter, opbouende voorstelle in verband met sportgeriewe en fasiliteite te maak en hierdie sake by die beheerliggaam aan te voer.
- Om ouers en leerders van ’n sportbeleid te voorsien, en toe te sien dat dit geïmplementeer en toegepas word.
- Om waar en wanneer nodig met straf- of dissiplinêre sittings as ouerverteenwoordiger in te sit of insette te lewer.
- Om as verteenwoordiger van die skool se ouers, insette te lewer tydens die beplanning van sport.
- Om ’n positiewe bydrae ten opsigte van die motivering van die sportpersoneel van die skool te lewer.
- Om ouers ten opsigte van sportbyeenkomste te mobiliseer.
- Om betrokke te wees by die aanstelling van afrigters

## 4. SPORTSTRUKTUUR

### 4.1 Sportkomitee

Samestelling van die sportkomitee

- Beheerliggaamlid buitemuurse aktiwiteite (Sameroeper)
- Skoolhoof
- Hoof van sport
- Sportkoördineerder
- Organiseerders van sportkodes

Die verantwoordelikhede van die sportkomitee sluit die volgende in:

- Maak aanbevelings oor die sportbeleid aan die beheerliggaam;
- Hersiening van die sportbeleid soos nodig;
- Monitor alle sportaktiwiteite en toepassing en uitvoering van sportbeleid;
- Om kommunikasie te verfyn en te verseker dat alle voorstelle, versoeke, en griewe t.o.v. sportbeleid hanteer word;
- Algemene dissipline by sportgeleenthede/byeenkomste te monitor;
- Moet toesien dat alle sportkodes binne begroting bly

Vergaderings van die sportkomitee:

- ’n Algemene vergadering word een maal per kwartaal gehou om algemene sport-aangeleenthede of sake wat die sportbeleid raak, te bespreek en voorstelle te maak.
- Ad hoc vergaderings soos en wanneer ’n spesifieke sportkode bespreking benodig.

- Ad hoc bywoning: Afrigters, spanbestuurders en voorsitters van sportkomitees, soos wanneer nodig.

### 4.2 Hoof van sport

Die verantwoordelikhede van die hoof van sport is die bestuur van sport in Hoërskool Strand. Dit sluit die beplanning, organisering, leiding en beheer van verskillende sportkodes in die skool in samewerking met die verskillende organiseerders van sportkodes van elke sport, in.

'n Meer omvattende pligbeskrywing word in die pligstaat van die hoof van sport beskryf.

### 4.3 Sportkoördineerder

Die take en pligte van die skool se sportkoördineerder sluit in om op 'n deurlopende basis alle sport en ander buitemuurse aktiwiteite te organiseer, koördineer en te administreer.

'n Meer omvattende pligbeskrywing word in die pligstaat van die sportorganiseerder beskryf.

### 4.4 Organiseerders van sportkodes

Die take en pligte van die skool se organiseerders van die sportkodes sluit in die verantwoordelik vir oorhoofse algemene organisering, beheer en leiding van 'n betrokke sport.

### 4.5 Afrigters en spanbestuurders

Die volgende algemene beginsels sal geld by die aanstelling van afrigters:

- Afrigters (intern en buite) word deur die skoolhoof aangestel in samewerking met die hoof van sport, die sportkoördineerder, BL-lid vir sport en kode-organiseerders.
- Daar sal jaarliks 'n evaluering van afrigters plaasvind.
- Afrigters (intern en buite) sal skriftelik aansoek kan doen om spesifieke spanne af te rig. Onderhoude sal met kandidate vir die eerste spanne gevoer kan word.
- Kundige buite-afrigters moet reeds in Augustus van die voorafgaande jaar genader word.
- Die finansiële beleid van die skool moet streng gevolg word by die aanstel van buite-afrigters.

### 4.6 Sportkomitees

Sportkomitees wat deur elke sport saamgestel kan word uit die ouers van die sport kan waar en wanneer dit relevant is aan die begin van elke sport se seisoen vir skoolsportkodes verkies word. Die sportkomitees vergader soos en wanneer nodig.

Die take van ’n sportkomitee sluit in:

- monitor implementering van sportbeleid by die betrokke sportkode;
- kommunikasiekanaal tussen afrigters en ouers;
- behulpsaam te wees met die verkryging van borge vir spanne, saam met die spanbestuurder en hoof van bemarking en binne die bestek van die finansiële en bemarkingsbeleid van die skool;
- help afrigters en spanbestuurders met logistieke aangeleenthede (vervoer, toerreëlings, ens);
- help afrigters en spanbestuurders om die sport uit te bou

## 5. ALGEMENE BELEIDSPALINGS

### 5.1 Spankeuses by alle spansporte

Die keuse van spanne berus uitsluitlik by die afrigters in oorleg met die personeel wat as bestuurders by die spanne betrokke is.

Vir bepalings van spankeuses by die verskillende sportkodes moet die riglyne van elke sportkode geraadpleeg word.

Voorkeur moet gegee word aan die sportkode in seisoen en kinders moet so min as moontlik benadeel word, weens verpligte deelname aan ‘n ander sportkode tydens proewe vir ‘n ander sportkode.
Elke oefening word gesien as proewe en afrigters in oorleg met de personeel wat as bestuurders by die spanne betrokke is, kan skuiwe maak tot beste voordeel van die sportkode.

### 5.2 Dissipline op en van die sportveld en tydens deelname by byeenkomste

Enige optrede teen sportverwante oortredings wat bepaalde dissiplinêre stappe benodig moet voldoen aan die bepalings en vereistes van die dissiplinêre beleid en gedragskode van Hoërskool Strand. Die skool se Gedragskode sal geld by amptelike sportgeleenthede op en van die veld.

### 5.3 Leerders van primêre skool

Leerders wat oor ouderdom is en nie vir die 0/13-span in die primêre skool mag speel nie, mag vir Hoërskool Strand speel onder die volgende voorwaardes:

- Hulle moet van voornemens wees om na Hoërskool Strand toe te kom.
- Hulle moet die voorgeskrewe aansoekvorm voltooi.
- Hulle word op meriete in ’n span opgeneem.
- Hulle neem deel in Hoërskool Strand se sportdrag.

- Die hoof van sport sal die laerskool kontak om inligting oor die speler/atleet se gedrag ens. in te win alvorens toestemming verleen sal word al dan nie.
- Hierdie speler onderneem om hom/haar neer te lê by die reëls van die Hoërskool Strand.
- Sodanige speler kom nie in aanmerking vir die A-span nie, maar kan in uitsonderlike gevalle wel daar gebruik word, sou omstandighede dit vereis.
- Hierdie spelers mag aan Interskole (somer- of winter) deelneem indien hulle die hele seisoen vir Hoërskool Strand deelgeneem het.
- Toere mag meegemaak word en kostes hieraan verbonde sal deur die leerder se ouers/voogde betaal word.
- Leerders sal ingeskryf word vir proewe indien hulle potensiaal toon en kostes hieraan verbonde sal deur die leerders se ouers/voogde betaal word.

### 5.4 Buite-leerders

- Leerders wat in skole of instansies is wat nie sport aanbied nie, kan op die voorgeskrewe aansoekvorm aansoek doen om by Hoërskool Strand aan sport deel te neem.
- ŉ Fooi van R750 is betaalbaar voordat die speler in ŉ span opgeneem mag word.
- Die hoof van sport sal die verwysings kontak om inligting oor die speler/atleet se gedrag, ens. in te win alvorens toestemming verleen sal word al dan nie.
- Hierdie speler onderneem om hom/haar neer te lê by die reëls van die Hoërskool Strand.
- Sodanige speler kom nie in aanmerking vir die A-span nie, maar kan in uitsonderlike gevalle wel daar gebruik word, sou omstandighede dit vereis.
- Hierdie spelers mag nie aan Interskole (somer- of winter) deelneem nie.
- Toere mag meegemaak word en kostes hieraan verbonde sal deur die leerder se ouers/voogde betaal word.
- Leerders sal ingeskryf word vir proewe indien hulle potensiaal toon en kostes hieraan verbonde sal deur die leerders se ouers/voogde betaal word.
- Sien die Beleid vir Buiteleerders.

### 5.5 Toere

Die skool se toerbeleid word toegepas by alle sporttoere wat deur die skool onderneem wil word.

### 5.6 Vervoer

- Geen leerders mag met ŉ skoolbussie of privaat motor vervoer word indien die bestuurder nie in besit van ŉ geldige rybewys is nie.

- Spelers reis per bus, saam met hul ouers of ’n ander persoon (met toestemming van ouer) na en van wedstryde.
- Geen bus mag spelers sonder die toesig van ’n onderwyser vervoer nie.
- Personeel op busdiens is verantwoordelik vir al die spelers/atlete/toeskouers op die bus en moet toesien dat almal daar is en let op hul gedrag en voorkoms.
- Personeel op busdiens moet toesien dat alle leerders se ouers hulle kom haal het voordat hulle self die terrein verlaat.
- Vervoer vir proewe sal tot by die finale rondte van die streek verskaf word.

### 5.7 Noodhulp

Daar moet noodhulp vir alle sportwedstryde asook proewe gereël word. Indien dit nie in plek is nie, mag die wedstryde/proewe nie voortgaan nie.

### 5.8 Optrede tydens beserings

Dit is afrigters se verantwoordelikheid om toe te sien dat spelers vinnig behandeling ontvang van die noodwerkers of dokter aan diens.

## 6. OUERDEELNAME

Die skool ervaar met dankbaarheid 'n sterk belangstelling van ouerbetrokkenheid by sport. Ondersteuning deur ouers is 'n demonstrasie van lojaliteit. So ook ervaar kinders betrokkenheid van ouers as baie belangrik en versterkend. Gesonde en gebalanseerde aanmoediging is belangrik. Uitermatige reaksie of oorbetrokkenheid by oefeninge en wedstryde het egter negatiewe gevolge.

Daar word dus 'n beroep op ouers gedoen om sportstrukture te respekteer en te gebruik en daardeur:

- te volhard om kinders ten alle tye positief te motiveer en aan te moedig.
- nie betrokke te raak by die sport tydens die duur van oefeninge nie.
- die spanpraatjie voor, tydens halftyd en na afloop van elke wedstryd in die uitsluitlike beheer van die afrigter oor te laat.
- te onthou dat die afrigters reeds bepaalde strategieë met spanne/spelers/atlete bespreek het voor wedstryde.
- te besef opmerkings tydens wedstryde teenoor spelers, wat as voorskrifte van die kantlyn af beleef word, verwarring en onmin saai.

- die jurisdiksie van afrigters en skeidsregters op en van die veld te aanvaar en dus nie hulle integriteit te bevraagteken nie
- die sportbeleid van die skool te erken en respekteer.

’n Ouer het altyd die reg om enige aangeleentheid wat sy/haar kind raak t.o.v. sport, individueel met die skoolhoof op te neem.

## 7. TOESKOUERS

Hoërskool Strand verwag van alle toeskouers om:

- te onthou dat kinders aan sport deelneem vir hulle plesier
- beslissings deur skeidsregters en wedstrydbeamptes te eerbiedig
- NOOIT enige speler, beampte, medetoeskouer of afrigter verbaal aan te val of af te kraak nie
- alle spelers positief aan te moedig
- nie op ’n speler te skree nie
- alle spelers, ongeag die span waarvoor hy speel aan te moedig.

## 8. GEBRUIK VAN STIMULANTE, AANVULLERS, ENS.

- Die skool keur nie die aanbeveel, verkoop of gebruik van enige stimulant en/of aanvuller goed nie.
- Die skool aanvaar geen verantwoordelik vir enige newe-effekte of nadelige gevolge van die gebruik van enige “aanvullings” of supplemente nie.
- Indien ’n leerder positief getoets word vir verbode middels, sal daar ingevolge die reëls van WADA teen sodanige speler opgetree word.
- Sien die Beleid vir Aanvullings en Supplemente.

## 9. EREKLEURE

Dit is die verantwoordelikheid van die kode-organiseerder om toe te sien dat ’n leerder sy/haar erekleure ontvang in terme van die skool se erekleurebeleid. Dit word ingevolge die skool se Erekleurebeleid toegeken.

## 10. FINANSIES

- Alle fondse wat ingesamel word of wat uit projekte wat deur die sportkode aangebied word voortspruit, word in die sportkode se fondsrekening geplaas – uitsondering: toerfondse vir eerste spanne se toere.

- Die sportkodekomitee besluit oor die besteding van fondse.
- Alle aankopebewyse moet aan die skool gelewer word en alle aankope moet deur die sportkode-organiseerder en voorsitter van die sportkodekomitee geteken word. Indien die voorsitter nie beskikbaar is om te teken nie, moet hy/sy per e-pos of faks bevestig dat hy/sy dit goedkeur, wat dan by die aanvraag aangeheg moet word. Indien die sportkode nie oor ’n voorsitter beskik nie, moet die hoof van sport teken.
- Die sportkode se dagbestuur kan magtiging gee tot R1 000 (een duisend rand). Bo R1 000 (een duisend rand) moet aan die komitee voorgelê word vir goedkeuring.
- Die sportkode-komitee moet poog om die fonds met ongeveer R2 000 (twee duisend rand) per jaar te laat groei.

## 11. FONDSINSAMELINGS

- Elke sportkode moet jaarliks in Oktober aandui watter fondsinsamelingsgeleenthede hulle in die volgende jaar wil aanbied.
- Indien dit saam met ’n ander organisasie/kode aangebied gaan word, moet die winsdeling bepaal word.
- Die fondse moet aangewend word om die sportkode te bevorder.
- Daar moet ooreengekom word of die insameling vir die kode of slegs vir die kode se eerstespanne is.
- Indien ’n sportkode ’n fondsinsameling sou aandui en dit nie in die betrokke jaar sou aanbied nie, is die fondsinsameling oop vir tender vir die ander sportkodes om dit in die daaropvolgende jaar aan te bied.

## 12. VERGOEDING VAN BUITE-AFRIGTERS

- Kontrakte word aan die begin van die sportseisoen met buite-afrigters gesluit.
- Buite-afrigters word volgens die sportkontrakbepalings vergoed.
- Sportkode-organiseerders of spanbestuurders moet boekhou van hoeveel sessies ’n afrigter betrokke is. Wedstryde tel ook as ’n sessie.
- Eise vir vergoeding, waar van toepassing, word maandeliks op die voorgeskrewe vorm by die sport-koördineerder ingehandig.

## 13. BORGE

- Ooreenkomste met borge moet in samewerking met die bemarker/fondswerwer van die skool aangegaan word.

- Voor ŉ borg genader word, moet die betrokke organiseerder van die sportkode dit aan die bemarker voorlê.
- Borge en donasies word in terme van die skool se bemarkingsbeleid hanteer.

**14. WEBTUISTE, MEDIASKAKELING EN UITSLAE**

Organiseerders van sportkodes is verantwoordelik daarvoor om alle uitslae, inligting, foto's, ens van hulle sportkode beskikbaar te stel vir publikasie op die webwerf, die media en vir rekorddoeleindes.

GETEKEN TE ……**Strand**……OP ………………………………………2016.

____________________________ ____________________________

VOORSITTER SKOOLHOOF